Daaglikse Gebedsgids – JUNIE 2011

Woensdag 1 Junie 2011
Gebedsfokus op besigheid in Suid-Afrika
Bid vir die ondersteuning van al die klein besighede wat sukkel om kop bo water te hou en vir nuwe hoop en uitkoms vir mense wie se besighede die afgelope maande ondergegaan het. Bid dat sinvolle projekte ontwikkel sal word wat werk sal skep en dat sakelui nie moed sal opgee of selfmoord sal oorweeg as gevolg van die moeilike omstandighede nie. Bid dat mense nie onverantwoordelike finansiële risiko's sal neem nie. (Roz Messenger. E-pos: roz@safcec.org.za). Dis ook nodig dat ouers by God sal leiding vra wanneer kinders geld wil leen vir 'n nuwe riskante besigheid en nie net emosionele besluite sal neem nie. Bid dat hulle verstandige praktiese raad vir hulle kinders sal gee en dat die kinders ontvanklik sal wees daarvoor en dit nie verwydering sal bring nie. Bid laastens ook dat afgetrede en ouer mense God sal raadpleeg wanneer dit kom by beleggings in vreemde, nuwe hoë risiko maatskappye of projekte en nie haastige of "gierige" besluite sal neem nie.

Gebedsfokus op Zimbabwe
'n Skokkende getal kinders in Zimbabwe staar 'n onseker toekoms in die gesig omdat 47% van die volk ondervoed is. 1,8 miljoen kinders is ouerloos, en die lewensverwagting in die land het tot 44 jaar geval. Alhoewel die ekonomie onlangs begin verbeter het, is meer as 80% van die mense van werksouderdom werkloos. Bid vir die kinders van Zimbabwe wat al soveel gely het sonder hulle eie toedoen. Bid dat hulle die Here as hulle Voorsiener en Beskermer sal leer ken. Bid vir Viva Network Zimbabwe, wat saam met gemeentes werk om hulp te verleen aan ongeveer 4,000 kinders in nood in 10 armoedige gemeenskappe rondom Harare. Bid dat die Here die lewens van duisende kinders sal verander en vir hulle 'n toekoms sal gee. (Children at Risk Prayer News. Webwerf: http://www.viva.org / of e-pos: pray@viva.org).

Donderdag 2 Junie 2011
10 Dae van dag-en-nag-gebed: Dag 1
HERLEEF: Ons Vader wat in die hemel is ... Ons vra Hom
- om Sy mense op te wek en as een familie voor Hom te verenig.
- dat afgedwaalde Christene hulle sondes sal bely en terugkeer na God as hulle Vader, en sal leer om Hom te gehoorsaam en te vertrou.
- vir nuwe bewegings van gebed wat die troon van genade volhardend sal opsoek.

(Wêrelddag van Gebed, Posbus 3856, Somerset-Wes, 7129. Tel.: 021 856 3130 of faks: 086 675 8584 / 021 856 1174. Webwerf: http://www.globaldayofprayer.com/ of e-pos: info@globaldayofprayer.com).

Gebedsfokus op G8- en G20- spitsberaad 2011
By die ter perse gaan was dit nog nie bekend wanneer en waar die volgende G8-spitsberaad in Frankryk sal plaasvind nie, en of dit weer eens tegelyk met die G20-vergadering gehou sal word nie (Webwerf: http://news.xinhuanet.com/english2010/world/2010-06/27/c_13371172.htm).
Sedert 2008 het die hoofde van die G20-nasies halfjaarliks vir G20-vergaderings byeengekom. Die vorige beraad was van 11-12 November 2010 in Seoel. Vanaf 2011 sal die G20-spitsberaad jaarliks gehou word. (Webwerf: http://en.wikipedia.org/wiki/G-20_major_economies). Bid asseblief vir almal wat by hierdie byeenkomste betrokke is,

dat hulle God se stem vir hulle eie lewens sal hoor, asook vir hulle eie verantwoordelikhede en hoe hulle ander kan beïnvloed om Bybelse beginsels te aanvaar.

Vrydag 3 Junie 2011
10 Dae van dag-en-nag-gebed: Dag 2
OPENBAAR: ... laat u Naam geheilig word ...

- dat die waarheid oor God se karakter verstaan en erken sal word.
- dat God Hom sal onderskei van valse gode en elke leuen wat oor Hom vertel word, sal openbaar.
- dat die Woord van God aan elke volk en taal op elke plek in die wêreld verkondig sal word.
- dat die Skrif vertaal en in alle tale beskikbaar sal word.

'n Oproep om TERUG TE KEER
Maar nou sê die Here: Kom met julle hele hart terug na My toe, vas, huil en treur! (Joël 2:12). Lees Joël 2:12-14 hardop. Dink daaroor dat die huidige uur ook 'n kritieke oomblik kan wees net soos in Joël se tyd, 'n "maar nou"-moment. Om verskillende redes het baie van God se mense van Hom af weggedwaal. Maar nou roep Hy ons om met ons hele hart terug te keer. Om terug te keer na God beteken meer as om terug te gaan na die kerk en nie meer te sondig nie. Dit beteken dat ons ons volle aandag aan Hom sal wy om naby aan Hom te kom met volle vertroue op Sy wonderbaarlike liefde. As ons ons na Hom keer, sal Hy na ons terugkeer. Sy groot liefde bevry ons nie net van ons verkeerde dade nie, maar seën ons ook, en stel ons in staat om Hom met dankbare aanbidding te eer. (Wêrelddag van Gebed, Posbus 3856, Somerset-Wes, 7129. Tel.: 021 856 3130 of faks: 086 675 8584 / 021 856 1174. Webwerf: http://www.globaldayofprayer.com/ of e-pos: info@globaldayofprayer.com).

Saterdag 4 Junie 2011
10 Dae van dag-en-nag-gebed: Dag 3
REGEER: ... Laat u koninkryk kom ...

- dat baie deur die goddelike krag van die evangelie aangetrek sal word om hulle lewens aan Jesus Christus oor te gee en Hom as Koning lief te hê en te volg.
- dat Christus se volgelinge in die volheid van God se Gees sal wandel sodat hulle na die beeld van Jesus kan lewe.
- dat Jesus as Regeerder elke deel van ons stede en samelewing sal beïnvloed.

(Wêrelddag van Gebed, Posbus 3856, Somerset-Wes, 7129. Tel.: 021 856 3130 of faks: 086 675 8584 / 021 856 1174. Webwerf: http://www.globaldayofprayer.com/ of e-pos: info@globaldayofprayer.com).

Gebedsfokus op die Wêreldnaweek van Gebed vir Kinders in Nood: 4-5 Junie 2011
Viva fasiliteer die Wêreldnaweek van Gebed vir Kinders in Nood sedert 1995. Die omvang van hierdie naweek het oor die jare uitgebrei en nou sluit miljoene mense elke jaar gedurende die eerste naweek in Junie by hulle aan om vir en saam met kwesbare kinders te bid. Oorweeg dit ook om bymekaar te kom om vir kinders oral oor die wêreld te bid, dat hulle sal weet van Jesus se liefde vir hulle in hulle daaglikse lewe en dat hulle God se wonderlike aanbod van oorvloedige lewe vir hulleself sal toe-eien. (Webwerf: http://www.viva.org/wwp.aspx).

Sondag 5 Junie 2011
10 Dae van dag-en-nag-gebed: Dag 4
TRANSFORMEER: ... Laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde ...

- dat God se kinders die invloed en seën van Jesus sal indra in elke aspek van die ekonomie, kunste, onderwys en regering, en op maniere wat blywende transformasie teweeg sal bring.
- dat God se wysheid op die regeringsleiers sal rus om veranderings aan te bring wat groter geregtigheid en reg sal laat geskied.
- dat die geregtigheid, vrede en vreugde van Jesus se koninkryk 'n werklikheid sal wees deur die krag van die Heilige Gees.

'n Oproep om BYMEKAAR TE KOM
Roep die volk op ... hulle moet sê: "Betoon medelye met u volk, Here ...Waarom moet daar onder die volke gevra word: Waar is Israel se God?" (Joël 2:16-17).
Lees Joël 2:15-17 hardop. Om ons as volk te verootmoedig, moet ons saam voor God bymekaar kom. Hy wil ons as 'n volk ontmoet. Dit is waarom Hy ons oproep om ons normale roetine te onderbreek en in groot en klein groepe voor Hom bymekaar te kom. Dit is 'n tyd om die daaglikse gewoontes te onderbreek, om te vas van ons normale dieet en selfs om weg te beweeg van bekende maniere van aanbidding deur op 'n spesiale manier byeen te kom. Waarom hierdie dringendheid? Omdat iets groots op die spel is vir God se verheerliking. Laat ons ons harte toelaat om te rou oor dit wat ons as God se mense gedoen het wat skande oor Sy naam gebring het. Vir die wêreld wat toekyk, kan dit lyk of ons geen God het nie. Dink na oor wat dit is wat God se hart bedroef en bid tot Hom dat Hy ons so sal verander dat ons aan Hom die eer sal bring wat Hom toekom. (Wêrelddag van Gebed, Posbus 3856, Somerset-Wes, 7129. Tel.: 021 856 3130 of faks: 086 675 8584 / 021 856 1174. Webwerf: http://www.globaldayofprayer.com/ of e-pos: info@globaldayofprayer.com).

Gebedsfokus op die Wêreldnaweek van Gebed vir Kinders in Nood, 4-5 Junie 2011
Hierdie naweek bied die geleentheid vir mense van oraloor om die dinge waaraan kinders in nood blootgestel word, aan die Here op te dra. Dit gee egter ook aan die kinders 'n kans om self te praat oor hulle behoeftes en nood, om saam te bid, en om saam die Here te prys oral in die stad. Bid vir die projekte en die netwerke wat die optredes oor die naweek sal aanbied. Bid dat God kragtig sal werk, gebede sal beantwoord en 'n tasbare verskil in kinders se lewens sal maak. (Children at Risk Prayer News. Webwerf: http://www.viva.org/ of epos: pray@viva.org).

Maandag 6 Junie 2011
10 Dae van dag-en-nag-gebed: Dag 5
VOORSIEN ... Gee ons vandag ons daaglikse brood ... Ons vra Hom

- vir die basiese behoeftes van voedsel, water en gesondheidsorg vir die armes, siekes, vlugtelinge en vir kinders.
- dat God se kinders, deur Sy Gees, medewerkers sal wees om genesing en verandering te bring, wat die oorvloed, geregtigheid en vrede sal voortbring wat God wil hê.
- vir God se mense om patrone van armoede in hulle gemeenskappe te verbreek en daarmee God se belofte van seën na alle mense te bring.

- dat Christene met empatie en volharding sal optree om behandelbare en nie-behandelbare siektes uit te wis en om goeie diens te lewer in die nadraai van epidemies soos MIV/VIGS.

(Wêrelddag van Gebed, Posbus 3856, Somerset-Wes, 7129. Tel.: 021 856 3130 of faks: 086 675 8584 / 021 856 1174. Webwerf: http://www.globaldayofprayer.com/ of e-pos: info@globaldayofprayer.com).

Dinsdag 7 Junie 2011
10 Dae van dag-en-nag-gebed: Dag 6
VERGIFNIS: ...Vergeef ons ons oortredings ... Ons vra die Heilige Gees

- om in die harte van mans en vroue te werk sodat hulle sal verstaan hoe God deur harde, ongebroke harte bedroef word en hoe hulle lewens deur sonde vernietig word.
- om mense te bemagtig om met sonde te breek en dat hulle genade sal vind om afstand te doen van hulle aanhang van die magte van die duisternis.
- dat mense hul sonde sal erken wat oorlog, armoede en ongeregtigheid tot gevolg het en berou daaroor sal hê.

'n Oproep vir HOOP
Die Here het vir sy land opgekom, Hy het medelye betoon met sy volk ... Jy moenie bang wees nie ... jy moet bly wees en juig, want die HERE het 'n wonder gedoen (Joël 2:18, 21).
Lees Joël 2:18-22 hardop. Ons kan ywerig wees om berou te hê omdat God so jaloers is op Sy Naam en op Sy mense. Weens God se groot liefde vir ons moet ons vrymoedig en vreesloos wees as ons belydenis doen van ons sondes. Ons God sal stry teen die magte wat ons gemeenskappe vernietig. Hoe sterk die bose ook al mag wees, God sal met groter krag werk. Hierdie hoop bring vreugde vir ons as ons ons opreg na die Here wend, in die wete dat dit Sy begeerte is om Sy goedheid aan die hele wêreld te openbaar, om ons stede te transformeer, ons ekonomieë te herstel en ons lande gesond te maak. (Wêrelddag van Gebed, Posbus 3856, Somerset-Wes, 7129. Tel.: 021 856 3130 of faks: 086 675 8584 / 021 856 1174. Webwerf: http://www.globaldayofprayer.com/ of e-pos: info@globaldayofprayer.com).

Woensdag 8 Junie 2011
10 Dae van dag-en-nag-gebed: Dag 7
VERSOEN: ...soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree ...

- om die kringloop van verbittering, wraak en rassisme te verbreek sodat verhoudings herstel kan word.
- vir tekens van Christus se versoenende krag te midde van militêre konflik, en God se begeerte om oorloë te beëindig, bekend te maak.
- vir die herstel van verhoudings tussen mans en vroue, vir versoening in huwelike en vir die vernuwing van kinders se verhouding met hulle ouers.
- vir hulle wat ly ter wille van die Naam van Christus en vervolging verduur.

(Wêrelddag van Gebed, Posbus 3856, Somerset-Wes, 7129. Tel.: 021 856 3130 of faks: 086 675 8584 / 021 856 1174. Webwerf: http://www.globaldayofprayer.com/ of e-pos: info@globaldayofprayer.com).

Gebedsfokus op die Joodse volk: Shavuot 8-9 Junie 2011
Die Joodse volk vier Shavuot (Pinkster) gewoonlik sewe weke na die Joodse Paasfees. Dit gedenk die ontvangs van die Tien Gebooie van God deur Moses na die uittog uit

Egipte. Die fees duur twee dae. Sommige ultra-ortodokse Jode bly dikwels die eerste nag heelnag wakker om die Bybel te bestudeer. (Christian Friends of Israel. Tel./faks: 012 361 1437. Webwerf: http://www.somethingjewish.co.uk/jewish_festivals/index.htm of e-pos: allwiese@lantic.net). Laat ons nooit moeg word om vir die verlossing van die Jode te bid nie. Vra God spesifiek oor die volgende twee dae om die Woord lewend te maak terwyl hulle dit bestudeer sodat Jesus Christus aan hulle geopenbaar word as die Een oor wie daar geprofeteer is.

Donderdag 9 Junie 2011
10 Dae van dag-en-nag-gebed: Dag 8
LEI: ... en laat ons nie in versoeking kom nie ... Ons vra Hom

- vir Christene om met soveel liefde en ywer vervul te word om God te behaag dat hulle nie verlei sal word deur die begeerlikhede van materialisme en seksuele perversiteit nie.
- dat God se mense sal aanhou om in die lig van Sy weë te wandel, en vir wysheid om Sy bedoelings oor die hele aarde te verwesenlik.
- dat Jesus in die harte van sake-, onderwys- en regeringsleiers sal werk sodat die vloek van korrupsie in stede en ekonomieë verbreek kan word.

'n Oproep tot FEESVIERING
Julle sal oorgenoeg hê om te eet, julle sal die Naam van die Here julle God prys, Hy wat wonders vir julle gedoen het (Joël 2:26).
Lees Joël 2:23-27 hardop. Wanneer die Here se mense na Hom terugkeer, is daar 'n belofte van beduidende veranderings en groot blydskap in hulle gemeenskappe. Waar daar voorheen die vloek van neerdrukkende armoede was, begeer God om in oorvloed te gee sodat baie dankbaar sal wees en Sy Naam sal prys. Hoe wonderlik sal dit wees as Hy Sy woning by Sy mense maak. Hy sal optree met goedheid en mag, en die wêreld sal verras wees deur die openbaring van Sy teenwoordigheid tussen Sy mense.
(Wêrelddag van Gebed, Posbus 3856, Somerset-Wes, 7129. Tel.: 021 856 3130 of faks: 086 675 8584 / 021 856 1174. Webwerf: http://www.globaldayofprayer.com/ of e-pos: info@globaldayofprayer.com).

Vrydag 10 Junie 2011
10 Dae van dag-en-nag-gebed: Dag 9
OORKOM: ... maar verlos ons van die Bose ... Ons vra Hom

- dat Hy die Sataniese magte sal terughou, die ware evangelie sal openbaar en baie mense sal vrymaak om Jesus te volg.
- dat mense vrygemaak sal word van afgodsdiens, towery en demoniese verdrukking en veral van depressie.
- dat die magte van die duisternis wat verskeie besighede, regerings en stede steeds affekteer en beheer, in die Naam van Jesus Christus verbreek sal word.

(Wêrelddag van Gebed, Posbus 3856, Somerset-Wes, 7129. Tel.: 021 856 3130 of faks: 086 675 8584 / 021 856 1174. Webwerf: http://www.globaldayofprayer.com/ of e-pos: info@globaldayofprayer.com).

Saterdag 11 Junie 2011
10 Dae van dag-en-nag-gebed: Dag 10
VERHEERLIK ... Aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid, Amen.

Ons vra Hom....

- dat tekens van Jesus se koninkryk die aarde so sal vul dat baie beweeg sal word om die hoop op Sy koms te vier.
- dat Christus se krag gesien sal word in die nederige en liefdevolle diensbaarheid van Sy mense.
- dat Jesus openlik geëer, aanbid en oor die hele wêreld verheerlik sal word.

'n Oproep om te OPENBAAR

Ek (sal) my Gees laat kom op al die mense … Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word (Joël 2:28, 32).

Lees Joël 2:28-32 hardop en dink oor hoe hierdie beloftes tot 'n groter mate vervul kan word as voorheen. Soek met verwagting na God. Hy staan op die punt om Sy verlossing wêreldwyd bekend te maak. Selfs gedurende die dae van verskrikking en probleme sal Hy Sy Gees uitstort sodat mense oor die hele wêreld – bejaardes, kinders, armes, rykes, mans en vroue, die oproep van God sal uitbasuin. Elke volk en op elke plek sal mense van God hoor en praat oor die roepstem van God. Baie sal gered word tot die verheerliking van Sy naam.

(Wêrelddag van Gebed, Posbus 3856, Somerset-Wes, 7129. Tel.: 021 856 3130 of faks: 086 675 8584 / 021 856 1174. Webwerf: http://www.globaldayofprayer.com/ of e-pos: info@globaldayofprayer.com).

Negentig Dae van Seën: 13 Junie tot 10 September 2011

Diegene wat saam bid kan ook diegene word wat saam dien en praktiese, herskeppende seën in hulle gemeenskappe tot stand bring. Om jou te help om te droom en te beplan oor hoe jy deel kan word van die antwoord op jou gebede, kyk na 90 Dae van Seën op www.globaldayofprayer.com en laai die 90 Dae Gebedsgids, Soek My Aangesig-pamflet en ander inligting af.

Sondag 12 Junie 2011

Pinkstersondag: Wêrelddag van Gebed

Christene in feitlik al 220 lande van die wêreld sal vandag verenig in 'n dag van verootmoediging en gebed. As kerk sal ons vergifnis vra vir ons sondes, bid vir ons lande, vir die genesing van die nasies en vir die transformasie van samelewings en nasies wêreldwyd. Ons sal bid vir die uitstorting van die Heilige Gees op die kerk soos in die boek van Handelinge. Hand.4:31 sê nadat hulle gebid het, het God die plek geskud en die mense is met die Heilige Gees vervul. Oor die eeue het God weer en weer Sy Gees op duisende plekke oor die wêreld heen uitgestort. Laat ons dan weer vandag tot God roep dat Hy weer eens Christene sal besoek by die tienduisende plekke waar hulle vandag bymekaar kom. Laat ons bid vir geloof en vrymoedigheid (Hand.1:8), vir tekens en wonders en genesings en kragtige dade wat gepaard gaan met die gawes van die Gees en die krag waarmee die Heilige Gees werk (Hand.4:32; Heb.2:4).

'n Gebed vir die wêreld: 'n Spesiale gebed wat voorberei en in baie tale vertaal is, sal gesamentlik by elke byeenkoms van die Wêrelddag van Gebed gelees word. Baie van hierdie vertalings is beskikbaar op die webwerf: www.globaldayofprayer.com

Praktiese wenke oor hoe om vandag in gebed deur te bring

Bid saam met jou plaaslike gemeente op Pinksterdag: Wy gedeeltes van julle Pinkster-Sondagoggend aan gesamentlike gebed. Vertel oral dat miljoene mense wêreldwyd

byeenkom om Christus te verheerlik en vir die bekering van al die nasies te bid. Lees die Gebed vir die Wêreld hardop as gemeente. Deel getuienisse van mense wat gedurende die 10 Dae gebid het. Oorweeg dit om dienste met nabygeleë gemeentes te kombineer. Kom bymekaar in huise of by openbare plekke: Gedurende die middag of aand van Pinkster beplan Christene wêreldwyd om in huise, stadions, openbare ouditoriums en oop ruimtes bymekaar te kom. Party byeenkomste sal klein wees. Ander sal groot wees, maar almal sal met dieselfde hart en visie van berou en hoop bid. Soos by die eerste Pinkster – toe die seën van Christus in die strate en publieke plekke sigbaar geword het– sal ons God openlik in die naam van Christus aanbid en bid vir die genesing en seën vir al die nasies. Ons wil so ver moontlik probeer om buite die mure van ons kerkgeboue te vergader. (Wêrelddag van Gebed, Posbus 3856, Somerset-Wes, 7129. Tel.: 021 856 3130 of faks: 086 675 8584 / 021 856 1174. Webwerf: http://www.globaldayofprayer.com/ of e-pos: info@globaldayofprayer.com).

Wêrelddag van Gebed
Op 21 Maart, 2001 het meer as 40 000 mense op die Nuweland Rugbystadion bymekaargekom vir 'n dag van gebed en verootmoediging. Sedert 2005 het hierdie dag van gebed gegroei tot ''n Wêrelddag van Gebed wat jaarliks herhaal word op Pinkstersondag met 10 Dae van dag-en-nag-gebed wat dit voorafgaan. Vir twee agtereenvolgende jare het verteenwoordigers van al die lande in die wêreld deelgeneem aan hierdie dag van gebed en ons moet vertrou dat dieselfde weer hierdie jaar gaan gebeur wanneer ons 11 jaar van gebed dwarsoor die wêreld herdenk.

Die Wêrelddag van Gebed volg die patroon van die drie aspekte van die totstandkoming van die kerk: Tien Dae volhoudende gebed wat lei tot Pinkster, een dag van gebed bygewoon deur die hele stad en 90 Dae van praktiese seën wat daarop volg.

Om hierdie rede het die Wêrelddag van Gebed drie dele: [1] Tien Dae volgehoue gebed: 2–11 Junie, 2011, wat begin met Hemelvaartdag, 2 Junie. Miljoene Christene gaan maniere vind om dag en nag te bid deur die tien dae wat Pinkster voorafgaan. [2] Die Wêrelddag van Gebed, 12 Junie 2011. Op Pinkstersondag, gaan mense in baie lande bymekaarkom om te bid. Sommige kom saam in groot stadions en op ander openbare plekke. Baie kom in klein groepies of in huise bymekaar. [3] Negentig dae van seën: 13 Junie – 10 September, 2011. Soos in die eerste Pinkster gaan veranderde Christene hulle gemeenskappe positief probeer beïnvloed wanneer hulle hulself aan God offer as instrumente waardeur hulle eie gebede beantwoord kan word. Om te registreer, of vir meer besonderhede, kontak: (Wêrelddag van Gebed, Posbus 3856, Somerset-Wes, 7129. Tel.: 021 856 3130 of faks: 086 675 8584 / 021 856 1174. Webwerf: http://www.globaldayofprayer.com/ of e-pos: info@globaldayofprayer.com).

13 Junie - 10 September 2011: 90 Dae van Seën
Om jou te help groei in gebed gedurende hierdie 90 dae, maak gebruik van die uitstekende bronne wat beskikbaar is:

Die 90 Dae gebedsgids: 'n daaglikse gebedsgids om te bid vir herskeppende seën.
Soek My aangesig-pamflet. Leer om 'n uur per dag in gebed deur te bring. (Hierdie pamflet sal jou help om langer tye in gebed deur te bring).

24/7 Gebedswagte. Baie bidders sal op verskillende maniere voortgaan met 24/7-gebed gedurende die 90 dae.
(Wêrelddag van Gebed, Posbus 3856, Somerset-Wes, 7129. Tel.: 021 856 3130 of faks: 086 675 8584 / 021 856 1174. Webwerf: http://www.globaldayofprayer.com/ of e-pos: info@globaldayofprayer.com).

Maandag 13 Junie 2011
Gebedsfokus op verlossing: Sypaadjie-smouse
Talle mense verdien hulle daaglikse inkomste deur goedere op die sypaadjies van ons dorpe en stede te verkoop, hetsy kos, klere, kunswerk, handwerk of naaldwerk. Hulle word dikwels ook blootgestel aan diefstal, geweld en misdaad en verloor op dié wyse hulle produkte of handelsware sonder dat hulle 'n inkomste daaruit kon verdien. Bid asseblief vir hulle redding, dat hulle tot God sal roep; bid voortdurend dat die verbygangers die lig van die Here in hulle omgewing sal laat skyn.

Gebedsfokus op die Kongo
'n Nuwe wet is in die Kongo deurgevoer wat aan kinders van die inheemse bevolking wetlike toegang tot gesondheidsdienste, onderwys en beskerming verleen. Prys Hom vir hierdie antwoord op gebed. Bid dat ander lande kennis sal neem van die voorbeeld wat die Kongo gestel het en dat hulle sal probeer om hulle voorbeeld te volg. Bid dat die regering daadwerklik die wet sal toepas en dat Kongolese kinders inderdaad beter toegang tot gesondheid, onderwys en beskerming sal hê. (Children at Risk Prayer News. Webwerf http://www.viva.org/ of e-pos: pray@viva.org).

Statistiek oor kinders oor die wêreld
'n Beraamde 28% van die wêreld se bevolking is onder die ouderdom van 15.
'n Beraamde 41.2% van Afrika se bevolking is onder die ouderdom van 15.
Uganda is die land in die wêreld met die hoogste persentasie kinders naamlik 49.3%
Bulgarye het die laagste persentasie kinders onder die ouderdom van 15 jaar, naamlik 13.7%

Mense onder die ouderdom van 15 is op die ontvanklikste tyd van hulle lewens.
Van die 110 miljoen kinders wêreldwyd wat geen opvoeding ontvang nie, is twee derdes dogters. Van die wêreld se 875 miljoen ongeletterde volwassenes is twee derdes vrouens.
(Bron: http://esa.un.org and http://www.unicef.org).

Dinsdag 14 Junie 2011
Herlewingsfokus op die armes en behoeftiges
Sedert die 1880's was daar 'n stadige oorgang in die kerk om meer en meer op die redding van mense te fokus. Mettertyd het die ander ewe belangrike Bybelse mandaat om vir die armes en behoeftiges te sorg, ook ietwat agterweë gebly. Bid dat die kerk opnuut begrip sal kry van die belangrikheid om om te sien na die behoeftes van die armes en behoeftiges, ongeag of hulle Christene is of nie.

Gebedsfokus op kinders in nood in Indië
Die grootste getal sterftes onder pasgeborenes kom in Suid-Asië voor, waarvan Indië die grootste las van een miljoen dra. Op die ouderdomme van 1-4 het dogtertjies 'n 50% groter kans om te sterf as seuntjies. Bid dat die gesinne nie hulle dogters se gesondheid

sal verwaarloos as gevolg van armoede of 'n gebrek aan kennis nie, maar dat hulle seuns en dogters ewe kosbaar sal ag en ewe goed sal versorg. Bid dat alle dogtertjies onder die ouderdom van vyf al die nodige inentings sal kry en vir 'n gebalanseerde dieet vir moeders wat swak is en nie in staat is om hulle babas te voed nie. (Webwerf: www.asia.viva.org/india of e-pos: india@viva.org).

Woensdag 15 Junie 2011
Gebedsfokus op die vestiging van 24-7 gebedshuise
Here, stort U Gees van gebed en smeekbedes wêreldwyd op U kerk uit. Gee dat gebedshuise wêreldwyd tot stand sal kom. Ons vra dat gelowiges getrou dag en nag die vervulling van die beloftes uit U Woord van U sal afbid sodat U koninkryk sal kom en U wil op die aarde sal geskied, net soos in die hemel (Matt.6:10).

Gebedsfokus op die ekonomie, sakesektor en arbeid
Die afgelope tien jaar het ons 'n konstante toename in stakings en onrus oral in ons land gesien. Dit het sedert 2006 teen 'n ontstellende tempo gestyg. Daar is duidelike tekens dat die tendens in die volgende jare sal voortduur. Bid asseblief sonder ophou oor die stakings en arbeidsonrus wat ons daagliks op TV sien en waarvan ons in die koerante lees. Bid dat God se orde sal rus op die hart en verstand van die werkers, van dié wat staak en dié wat wel wil werk maar gedreig word as hulle dit doen.

Deurbraak: Die Woord weergebore in Tanzanië
Vir die eerste keer kan die mense wat in die sentrale onherbergsame dele van Tanzanië woon die Kersverhaal in hulle eie taal lees volgens die Evangelies van Markus, Lukas en Johannes. Sendelinge doen ook geletterdheidsonderrig onder die 800 000 Lunghulu mense. Ongeveer 50% bely dat hulle Christene is, maar die meeste van hulle leef nog in vrees vir die okkulte en bose geeste. Daar word gehoop dat die Skrif hulle oë sal oopmaak vir die waarheid en hulle uit hierdie binding bevry. Die Nuwe Testament sal na verwagting teen die einde 2012 voltooi wees. Die Ou Testament mag nog 'n verdere 5-6 jaar neem. (Bron: www.theseedcompany.org).

Donderdag 16 Junie 2011
Herlewingsfokus: Armes en behoeftiges
In Luk.4:18-19 lees ons dat Jesus sê: "Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan armes te verkondig. Hy het My gestuur om vrylating vir gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdruktes in vryheid uit te stuur, om die genadejaar van die Here aan te kondig." Vra dat die Heilige Gees jou geestesoë sal oopmaak om hierdie woorde te verstaan en ook om te weet hoe jy 'n verskil kan maak.

Spesiale gebedsfokus: Jeugdag
Suid-Afrikaners vier steeds elke jaar Jeugdag op 16 Junie. Bid asseblief dat enige behoefte aan weerwraak as gevolg van die bloedvergieting en ongeregtigheid wat met hierdie dag geassosieer word, stilgemaak sal word, en dat Suid-Afrika se oproep tot versoening aan al die volke van die wêreld bekend sal word. Bid asseblief Ps.78:2-8 vir die jeug en kinders van Suid-Afrika en ook dat die jonger geslag die evangelie van Jesus Christus sal hoor en die oproep om Hom te volg sal gehoorsaam. Bid dat jongmense vrygemaak sal word van wêreldse en vermaaklikheidsversoekings en dat hulle beskerm sal word teen booshede soos pornografie, seksuele misbruik en uitbuiting, dwelm- en

alkoholverslawing, verkeerde rolmodelle en van selfsugtige ambisies wat lei tot magshonger en gierige lewenstyle.

Vrydag 17 Junie 2011
World Mission Centre
'n Span van die World Mission Centre lê besoek af by drie groepe mense in Angola waar gemeentes deur bemiddeling van Project Focus gevestig is. Prys die Here vir hierdie deurbrake. Bid asseblief dat hulle veilig sal reis en nie probleme by grensposte sal ondervind nie. Bid ook vir die guns van staatsamptenare sodat verskillende aangeleenthede wat verband hou met die nuutgestigte gemeentes, met hulle bespreek kan word. (World Mission Centres, tel. 012 343 1165. Webwerwe: www.liveschool.org of www.worldmissioncentre.com).

Gebedsfokus op aborsie: 13 aborsieklinieke oorweeg die aannemingsopsie
In die VSA het ongeveer 13 aborsieklinieke onlangs ingestem om kliënte na Bethany Christian Services te verwys! Bethany het baie klinieke besoek, en moes uitvind dat die meeste kliniekwerkers oningelig is oor die moontlikheid van aanneming. Dertien klinieke het nou ingestem om die kliënte wat in aanneming belangstel of wie se swangerskap reeds te ver gevorder is, na Bethany te verwys. Bid vir die vroue met wie Bethany in aanraking sal kom as gevolg van hierdie publisiteit. Bid dat die jong vroue wat na hulle toe kom, Christus sal ontmoet en die ewige lewe vir hulleself en hulle ongebore kinders sal kies. (Webwerf: http://www.mnnonline.org/article/15213).

Deurbraak: Nagenoeg 1 miljoen van Afrika se jeug het hulle verbind tot die internasionale inisiatief "ware liefde wag"
Vanaf April tot Oktober 2010, het meer as 70 000 jongmense in Afrika hulle verbind tot Bybelse reinheid deur True Love Waits International wat die totale getal te staan bring op meer as 959 000 sedert LifeWay Christian Resources hulle strategiese inisiatief in die somer van 2007 daar begin het! (Breaking Christian News. Webwerf: http://www.lifeway.com/tlw/ of e-pos: editor@breakingchristiannews.com). Bid dat God hulle sal help om by hierdie verbintenis te bly.

Saterdag 18 Junie 2011
Gebedsfokus op kinders in nood weens hulle geslag
Geslagsdiskriminasie bestaan ook binne die kerk in baie lande. Toe Jesus op aarde was, het Hy nie altyd die opvattings oor geslag in ag geneem nie. Bid dat gemeenskappe meer vroulike helpers, sendelinge, predikante, en so meer in die kerk sal aanvaar sonder om in die proses teen mans te diskrimineer. Vra dat daar meer in die Sondagskool ook op die werk van vroue in die Bybel gefokus sal word. (Webwerf: www.asia.viva.org/india of e-pos: india@viva.org).

Gebedsfokus op die Woord: Precept Ministries S.A.
Precept Ministries S.A. hou hierdie jaar gedurende Junie tot Augustus hulle hoofbyeenkomste in George en Port Elizabeth. Bid dat mense wat die begeerte het om hulleself in God se Woord te vestig, van hierdie geleentheid te hore sal kom en dat hulle sal registreer. Bid dat almal wat die werkswinkels bywoon, sal baat by die Inductive Study Method waarin hullle opgelei sal word en dat dit daartoe sal lei dat baie nuwe leiers toegerus sal word om hulle eie klasse te lei en te fasiliteer. (Precept Ministries S.A.

Posbus 539, Howard Place, 7450. Tel/faks: 021 531 1836. Webwerf: www.precept.org.za of e-pos: info@precept.org.za).

Sondag 19 Junie 2011
Persoonlike herlewing: As die antwoord talm
Die meeste mense wil graag weet: Wat is God se wil vir my lewe? Die vraag wat die tweede meeste gevra word, is: Waarom kry ek nie antwoord op my gebed nie? Soms vra mense net: Waarom, Here? Soms probeer ons om God te verdedig wanneer mense vrae oor God se optrede vra. 'n Méns kan egter nie alle vrae beantwoord nie. Net God weet alles en God is in staat om vir Homself te kan praat. Die Heilige Gees is God se Advokaat. Die Heilige Gees self openbaar die wil van God. Dink oor die volgende vers wanneer jy nie verstaan waarom jy nie antwoorde in gebed kry nie. Die eer van God lê in wat Hy verborge hou (Spr.25:2). Toe het ek al die werk van God begryp; die mens is nie in staat om wat in hierdie wêreld gebeur, te verstaan nie. Hoe hy hom ook al inspan en soek, hy verstaan nie. Al sê die wyse hy weet, kan hy nie verstaan nie (Pred.8:17). (Verwerk uit 100 Vrae oor Gebed deur Bennie Mostert).

Gebedsfokus op Vlugtelinge-Sondag
Vandag is Vlugtelinge-Sondag en Vlugtelinge-week sal hierdie jaar van 19-25 Junie gedenk word. Gemeentes word vandag uitgenooi om die wedervarings van vlugtelinge oor al die kontinente te ondersoek en aktiwiteite soos uitstallings en filmaanbiedings te inisieer en tyd af te staan om vir vlugtelinge wêreldwyd te bid wat gedwing is om uit hulle huise te vlug ten einde aan vervolging en oorlog te ontkom. (Webwerf: www.refugeehighway.net of e-pos: info@refugeehighway.net). Vra die Here hoe jy betrokke kan raak om bidders te mobiliseer om vir vlugtelinge oor die wêreld heen te bid.

Maandag 20 Junie 2011
Gebedsfokus op verlossing: Blommeverkopers
Baie ondernemings neem mense in diens om op vasgestelde plekke op straat te sit om blomme te verkoop. Bid dat die Christen verbygangers wat met hulle kontak maak, nederig, maar tog ernstig van Jesus sal getuig, sodat hulle harte sal verander en hulle Hom sal aanneem. Bid dat die verkopers wat Christene is ook openlik oor Jesus se liefde sal getuig teenoor klante wat blomme vir 'n geliefde kom koop.

Gebedsfokus op kinders wat seksueel misbruik word
Van die 60 000 aangemelde sake oor seksuele teistering, is dit kinders wat in ongeveer die helfte van gevalle misbruik is. Hou in gedagte dat die meeste gevalle nie aangemeld word nie. Ongeveer 90% van hierdie kinders is gemolesteer deur iemand wat hulle ken. 97% van diegene wat kinders molesteer, is self as kind gemolesteer en beskik oor gereelde toegang tot pornografie. Dink daaraan om self prakties betrokke te raak by die Waardevol vir Jesus-veldtog deur jou tyd, hulp en kundigheid te gee soos die Here jou lei. Bid dat baie ander dieselfde sal doen. (Straatwerk. Tel.: 021 930 8055. Webwerf: www.loveproject.co.za of e-pos: lize@loveproject.co.za of lizna@loveproject.co.za).

Dinsdag 21 Junie 2011
Gebedsfokus op herlewing: Die armes en behoeftiges
God se seën bring genesing, hoop en herstel vir mense, ook vir die armes. Identifiseer twee of drie arm gemeenskappe, gesinne of individue in jou onmiddellike omgewing en

bid hierdie week die seën van Num. 6:24-26 oor hulle: Die Here sal julle seën en julle beskerm; die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees; die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee! Gaan self na hierdie gebiede of individue indien dit moontlik is en bid vir hulle.

Gebedsfokus op kinders in nood
Meisies voel dikwels ongeliefd en het nie dieselfde geleenthede as hulle broers nie. Baie meisies kry selfs nie eers die geleentheid om gebore te word nie omdat hulle geaborteer word sodra daar voorgeboortelik vasgestel word dit is 'n dogtertjie. Wêreldwyd is daar elke jaar nege miljoen meer meisies as seuns wat nie skoolgaan nie. Terwyl hulle boeties steeds klas bywoon of hulle stokperdjies beoefen en speel, sluit meisies by die vrouens aan om die grootste deel van die dag huiswerk te verrig. Bid dat die meisies genoeg gesonde kos en gesondheidsorg sal kry. Bid dat die kerk die leiding sal neem om die kwessie van geslagsdiskriminasie aan te spreek. (Viva India. Webwerf: www.asia.viva.org/india of e-pos: india@viva.org).

Deurbraak: Bevryding vir Soedannese slawe
Bykans 400 Suidelike Soedannese slawe is bevry en teruggestuur na hulle land as deel van 'n slawebevrydingsprogram. Meer as 35 000 Suidelike Soedannese slawe, meestal van die Dinkastam, bly gevange in Noordelike Soedan. Bid asseblief vir deurbrake vir die mense van Soedan, veral vir diegene in slawerny. Hou ook aan met bid vir die herstel van die land, die prediking van die evangelie en baie oop deure om Bybels dwarsdeur die hele land te versprei. (NewsBytes. Webwerf: http://www.om.org/en/news/newsbytes).

Woensdag 22 Junie 2011
Gebedsfokus op die vestiging van 24-7 gebedshuise
Bid vir die werk van die Jerusalem House of Prayer in Israel onder die leiding van Tom Hess. Vra vir hulle beskerming en vir guns sodat hierdie bediening sal aanhou groei.

Gebedsfokus op die ekonomie, sakesektor en arbeid
Bid vir almal wat tans besig is om te staak en veral dié wat gedwing word om te staak. Daar is baie duistere magte wat arbeidsonrus uitbuit sodat hulle onskuldiges leed kan aandoen. Dit is dikwels die werkers wat die meeste onder stakings ly. Bid asseblief dat God baie gelowiges sal opwek wat bereid sal wees om getrou te bid en te vas vir deurbrake in delikate situasies. Wees daarop bedag om nie emosioneel by die kwessies betrokke te raak nie, maar te fokus op die Woord - bid dat God se wil sal geskied.

Donderdag 23 Junie 2011
Gebedsfokus op herlewing: Armes en behoeftiges
Bid dat die Here ons oë sal oopmaak vir die armes en behoeftiges rondom ons en dat ons 'n Goddelike deernis vir hulle sal kry. Vra dat Hy jou sal wys dat elkeen 'n mens is wat deur Hom geskep is. Ons word meestal so oorweldig deur die behoeftes van die miljoene arm mense en die verwoesting of hongersnood wat ons op die televisie en in die ander media sien. Die maklike uitweg is om dit bloot te ignoreer en onsself toe te laat om apaties teenoor die nood te staan. Bid dat die Here ons harte sal aanraak sodat ons duidelik sal weet wat Hy van ons verwag om te doen. Hier op aarde lewe julle in weelde en oordaad; julle smul na hartelus, en dit terwyl die slagdag reeds daar is... (Jak.5:5-6).

Gebedsfokus op kinders in nood: Huiswerkers
Kinders wat huiswerkers is, is 'n algemene gesig in die meeste ontwikkelende lande. Hulle word uit hul ouerhuis gestuur vanaf so jonk as vyf jaar om geld te gaan verdien. In Indië werk rofweg een uit vyf kinders onder die ouderdom van 14 as huiswerkers buite die gesin. Bid vir God se wysheid en krag vir die instansies wat betrokke is by die redding en rehabilitasie van misbruikte kinders. Bid vir die arm gesinne wat hulle dogters na die stede toe moet stuur om te gaan werk. Bid vir God se ingrype en dat hele gesinne Jesus as Verlosser sal leer ken en vertrou. (Webwerf: www.asia.viva.org/india of e-pos: india@viva.org).

Vrydag 24 Junie 2011
Gebedsfokus op kinders in nood: kinderhandel
Miljoene kinders word onderwerp aan kinderhandel of word onder dwang oor grense geneem om verkoop te word vir seksdoeleindes, onwettige aanneming, om aan kriminele aktiwiteite deel te neem, om as huiswerkers te werk, om te bedel of om as soldate te veg. In Indië werk 73 miljoen kinders onder die ouderdom van 10 jaar onder gevaarlike omstandighede, wat tot gevolg het dat hulle opvoeding verbeur en blootgestel word aan ernstige risiko's soos beserings, siekte en dood. Bid vir organisasies wat meisies red met wie handel gedryf word, veral dat hulle finansieel in staat sal wees om 'n ander heenkome vir hulle te kan bied. Bid vir 'n gesindheidsverandering teenoor sekswerkers, sodat ons nie bevooroordeeld teenoor hulle sal optree nie. Bid dat die wetstoepassers aktief sal optree om meisies wat verkoop is, te red. (Webwerf: www.asia.viva.org/india of e-pos: india@viva.org).

Versoening by 'n somerkamp
Kampleiers het daadwerklike 'n verandering in die lewens van 1 300 kinders by die Russian Ministries se somerkamp gesien. Hulle het teistering deur plaaslike amptenare getrotseer om die Blye Boodskap van Jesus te verkondig in 'n omgewing wat diep verdeeld is deur etniese spanning. Namate die kinders geleer het om God lief te hê, het hulle ook geleer om mekaar lief te hê. Dit het genesing gebring vir baie wat seergemaak is a.g.v. spot en verwerping. Dank die Here vir getuienisse soos hierdie. Hou aan om te bid dat God sal voortgaan om die Russiese kerk deur hierdie bediening te versterk. (Webwerf: http://www.MNNonline.org/article/14916).

Is dit verkeerd om te huil?

Ek onthou dat iemand op 'n keer vir my Johannes 11:35 met my verjaardag gegee het. Jesus het gehuil. Net dit! In sy genade het die Here my hart voorberei vir 'n baie moeilike jaar wat op my gewag het. Ek het begin om trane en huil in die Bybel te bestudeer en gevind dat om te huil 'n wonderlike gawe was. Hier volg net 'n paar insidente waar spesifiek godvresende mense in die Bybel gehuil en getreur het. Verander jou trane in gebede en die Here sal jou siel op 'n spesiale manier genees.

1. **By 'n begrafnis** (Gen.23:2; 50:1). Baie mense sê ons moenie by 'n begrafnis huil nie omdat die persoon by Jesus is. Dit is baie wreed. Dit is natuurlik om iemand te mis wat deel van jou lewe was. Verander jou trane in gebede en vra die Here om jou hart te genees oor die verlies van iemand spesiaal.

2. **Wanneer jy in die steek gelaat is** (Gen.27:34; Heb.12:17). Niks maak so seer soos wanneer jy in die steek gelaat is en jy dit nie sien kom het nie. Verander jou trane in gebede en vra die Here om die persoon te vergewe en vry te maak wat teen jou gesondig het.
3. **Met vreugde in antwoord op gebed** (Gen.29:11). As die antwoord op 'n lang verwagte gebed kom, huil ons maklik. Verander jou trane in gebede en offer dank aan die Here omdat Hy getrou en waaragtig is.
4. **Vir ons sondes en die sondes van ander** (Num.11:4, 12:13). As jy weet jy of iemand anders het iets vreeslik verkeerd gedoen, verander jou trane in gebede en vra die Here om jou Sy goedheid te wys wat lei tot berou, vergifnis van sonde en die vreugde van verlossing.
5. **Om 'n erflating prys te gee en jou land te verlaat** (Rut 1:9). Baie mense het al geld, eiendom en 'n erfenis prysgegee ter wille van vrede in 'n gesin, om 'n nuwe lewe in 'n vreemde land te begin, of ter wille van Jesus Christus. Verander jou trane in gebede en vra die Here om jou ALLES te word, om die slegte herinneringe uit te vee en jou siel te genees van so 'n verlies.
6. **Oor kinderloosheid** (1 Sam.1:10). Meer as ooit roep paartjies uit na die Here vir hulle eie kinders. Daar is niks soos 'n vrou wat 'n kind van haar eie begeer nie. Verander jou trane in gebede en vra die Here om jou te versterk totdat die tyd vir die antwoord op jou gebede duidelik word, vra Hom vir bonatuurlike vrede in jou siel.
7. **Wanneer 'n eie en/of geestelike kind misluk** (1 Sam.15:35). So dikwels belê jy in iemand wat geen geleenthede gehad het nie, ook nie die Here geken het nie, en dan gooi hulle net alles weg. Dis asof hulle dit in jou gesig teruggooi. Verander jou trane in gebede en gee die kind oor in God se sorg en leiding wat jou eie vermoëns of beskerming by verre oortref. Gee oor en laat Hom toe om die kind aan te raak.
8. **Oor verkeerde gedrag en besluite** (1 Sam.24:16). Was jy al ooit spyt oor iets leliks wat jy gesê of gedoen het wat onmoontlik is om reg te stel? Verander jou trane in gebede en vra die Here om jou te help om jouself te vergewe. Seën diegene wat jy seergemaak het en bid vir hulle dat hulle ook in hulle harte vrede sal vind.
9. **Wanneer iemand vermoor is** (2 Sam.3:32; 2 Sam.15:23). Dawid het twee seuns so verloor. Die pyn in jou siel is onbeskryflik. Verander jou trane in gebede en vra die Here om jou te help om diegene wat genadeloos iemand na aan jou doodgemaak het, te vergewe. Huil net. Moenie probeer om enigiets anders te doen as om jou hart voor die Here uit te stort nie. Lê af al die woede, al die rou en hartseer en vra Hom om jou hart te genees.
10. **Wanneer iemand verkrag is** (2 Sam.13:19). O, die lyding oor die verlies van reinheid as jy verkrag is of seksueel misbruik is! Verander jou trane in gebede en vra die Here om die pyn van die verlede te genees. Vra Hom om jou te help om te vergewe en die vreugde in jou te herstel sodat jy verder in geestelike vryheid en vrede sal kan leef. Lê af die woede, vernedering en huil voor Hom met hoop, totdat jou hart genees is.

Saterdag 25 Junie 2011
Gebedsfokus op kinders in nood: Kinderhuwelike
Dit is absoluut noodsaaklik dat die tradisies wat kinderhuwelike moontlik maak aangespreek moet word and dat 'n aanvaarbare ouderdom vir die huwelik vasgestel kan word. Die hoë voorkoms van kinderhuwelike in Indië is een van die hoofredes vir die groot aantal vroue wat in kraam sterf en ook vir al die babasterftes. Omtrent 47% van Indiese vroue tussen 20 en 24 jaar is getroud voor die wettige ouderdom van 18. Bid dat meisies die geleentheid sal kry om voort te gaan met hulle studies. Bid vir genade vir die

ontplooiing van werkers wat die gemeenskap sal kan inlig oor die nadele van ‘n vroeë huwelik. Roep tot God dat Hy Hom sal ontferm oor meisies wat vroeg getroud is en menslik gesproke min vooruitsig op ‘n huwelik het waar hulle lewensvervulling sal ervaar. (Webwerf: www.asia.viva.org/india of e-pos: india@viva.org).

Gebedsfokus op omgewingsgebaseerde opleiding vir huishoudings waar kinders aan die hoof staan

Die program sal fokus op die opleiding van mense wat onder kinders werk in die Noord-Wes en die Noord-Kaap in ‘n poging om duisende kinders te bereik wat die oudste en hoofde van ‘n huishouding in plaaslike gemeenskappe is. (Webwerf: http://www.arocha.org/za-en/index.html). Loof die Here vir hierdie antwoorde op gebede. Bid dat die opleiding doeltreffend sal wees, werklik prakties sal help en die verwagte resultate sal lewer.

Sondag 26 Junie 2011

Persoonlike herlewing: Wanneer die antwoord talm (verv. 19 Junie)

Dit is belangrik om te verstaan dat dit óns “verantwoordelikheid” is om te bid, en God se “verantwoordelikheid” is om te antwoord. So dikwels wil ons bid én die antwoord gee soos ons dit wil hê. Waarom vra ons dan die Here om te help of wat Sy wil is? God is Almagtig en Sy wil is volmaak. As God nie ook mag “nee” sê nie, wat is die doel van gebed dan? In watter soort God verander ons Hom dat ons Hom moet vertel wat Hy moet doen? Jesus leer ons om te bid: “Laat U wil geskied.” As ons dit met die regte gesindheid bid, is dit eerder ’n teken van geloof as ongeloof. Wanneer ons verward is, is die belangrikste ding wat ’n mens kan doen, om op die karakter van God te fokus, te bestudeer en te leer Wie Hy is deur die werking van die Heilige Gees. Lees veral die Psalms. Glo die Woord eerder as jou eie gevoelens en vrae van vertwyfeling. Soms beleef jy uiters traumatiese situasies en is daar net geen antwoorde nie. In sulke tye is dit nie die logiese antwoorde wat ons help nie, maar wié God ís! (Num.23:19; Hebr.13:8). God is soms genadig om ons nie te antwoord nie (Ps.106:15). (Verwerk uit 100 Vrae oor Gebed deur Bennie Mostert).

Maandag 27 Junie 2011

Gebedsfokus op verlossing: Sportafrigters

Die grootste uitdaging wat aan afrigters gestel word, is om gesonde gewoontes en dissipline vas te lê en om interpersoonlike verhoudings te hanteer. Dit behels dikwels die hantering van moeilike konfliksituasies. Bid dat die Here godvresende afrigters sal oprig wat spanne en elke deelnemer onder hulle sorg positief sal beïnvloed, en hulle sal aanmoedig om hulle vertroue in die Here te stel. Bid vir die redding van afrigters, veral diegene wat nasionale spanne in Suid-Afrika en oorsee afrig.

Gebedsfokus op die pleegsorg van kinders in Latyns-Amerika

Die lewensverwagting van ‘n straatkind in Latyns-Amerika is slegs vier jaar. Hulle sterf gewoonlik van honger, dwelmverslawing of geweld. Pleegsorg het die potensiaal om ‘n doeltreffende oplossing te bied vir die toenemende getal straatkinders dwarsoor Latyns-Amerika, maar dit word nog nie eintlik toegepas nie. Bid dat gesinne wat besluit om ‘n kind in pleegsorg te neem, deur hulle kerk ondersteun sal word, en deur die liefde en sorg van ‘n Christelike gemeenskap omring sal word. Loof die Here vir hierdie en soortgelyke werk. Dank Hom vir kinders wat die kans gebied word om in ‘n liefdevolle

Christelike omgewing groot te word. Bid dat baie meer gesinne bereid sal wees om kinders in pleegsorg te neem.
(Children at Risk Prayer News. Webwerf: http://www.viva.org/ of e-pos: pray@viva.org).

Die uitwerking van 'n pa se woorde op kinders

Hartsgesindheid: 'n Pa se woorde kan kinders baie pyn besorg, hulle lewenslank bitter maak, 'n swak en verkeerde selfbeeld gee, hulle met minagting na hulle self laat kyk. 'n Pa wat op 'n verkeerde wyse met sy kinders praat, maak hulle rebels, bitter en opstandig. Vra die Here om jou sensitief te maak vir hoe jy met jou kinders praat en wat die gesindheid van jou hart is, veral met ongeduld of irritasie omdat jy met iets anders besig is.

Sê jy is jammer. 'n Pa se woorde moet liefde en genade dra. Dit moet woorde van vergifnis insluit, want geen kind is sonder sonde en foute nie. 'n Pa het self ook nodig om vergifnis te vra, want jy as pa doen ook dinge verkeerd en het nodig om vir jou kinders vergifnis te vra. Dit help nie om lekkers of geskenke te koop om te sê jy is jammer nie. Jou kind moet dit in woorde hoor. Vra die Here om jou te leer om met 'n sagte stem te praat en om jammer te klink as jy regtig jammer is. Vra vir wysheid om jou kind te seën en op te bou, veral wanneer hulle foute gemaak het.

Kyk uit vir vernedering. Pa's slaag so dikwels om hulle kinders met hulle woorde te verneder. Vernedering maak 'n kind se siel en gees dood, of dit lei tot bitterheid en verslaenheid. Moenie jou kind voor ander teregwys en op 'n wyse met hom praat wat hom in 'n verleentheid voor ander, maar veral sy vriende, sal plaas nie. Vra die Here om jou wysheid te gee oor hoe om veral konflik situasies te hanteer op 'n wyse wat respek by jou kind en ook sy vriende sal afdwing. Bid dat Hy jou sal help om soos 'n grootmens met jou kind oor 'n saak te gesels, en nog steeds jou gesag om te dissiplineer uit te oefen as dit nodig is.

Niemand hoef te wen nie. Moet nooit jou kinders met mekaar of met ander kinders vergelyk nie. Jou woorde moet jou kinders help om te verstaan dat elkeen van hulle spesiaal is. 'n Pa mag nóóit een kind bo 'n ander kies en bevoordeel nie. Elke kind moet 'n eie plek in 'n pa se hart hê en hy moet dit deur sy optrede, maar óók in woorde vir hulle sê. Verduidelik vir jou kinders dat hul elkeen spesiaal is op 'n unieke manier. Vra die Here om jou te wys hoe om iets spesiaal met elke kind te doen wat uniek is aan jul verhouding, sonder om ander jaloers te laat voel. Bid dat die Here hul gawes en goeie punte vir jou sal uitwys en dat jy maniere sal vind om dit met hulle te deel op opbouende wyse, veral voor hul vriende.

Breek die mag van gevoelens van verwerping. Kinders beleef maklik verwerping. Verwerping het 'n groot hoeveelheid negatiewe reaksies tot gevolg in kinders: Dit lei tot geestelike pyn en minderwaardigheid, dit verwar hulle en maak hulle onseker van hulleself, maak hulle opstandig en bitter. Die drie mees afbrekende dinge in 'n kind se lewe is verwerping, vernedering en die gebrek aan positiewe liefde. Al drie hierdie dinge word in die eerste plek in woorde oorgedra. Kinders weet baie gou as hulle "nie goed genoeg" geag word nie. Kinders kan nie sonder positiewe woorde volwasse en gesonde mense wees wat met hoop en vreugde die lewe ingaan nie. Vra die Here om jou

te wys hoe om die houvas van die mag van vernedering, verwerping en gebrek aan positiewe liefde in jou kinders se lewe te hanteer. Vra God die Vader om jou te wys hoe om Vader-woorde van liefde, bemoediging en erkenning van dit wat positief en mooi is te spreek. Nie soveel as wat jy dink genoeg is nie, maar soveel as wat Hy jou lei jou kind nodig het. Bid vir nuwe kreatiwiteit oor hoe om dit wat hulle reg doen te erken en te bevestig.

Alles is nie net verkeerd nie. Moenie aanhoudend al jou kind se swakhede uitwys nie. Beskerm hulle deur ruimte te maak vir hulle swakhede. Vra die Here om jou te help om jou verantwoordelikheid om jou kinders te help om hulle swakhede te hanteer en te oorkom, na te kom sonder om hulle te verwyt. Vra die Here vir insig in jou kind se kapasiteit en vermoëns waartoe hulle op 'n spesifieke ouderdom in staat is, en nie jou eie verwagtinge daaraan te koppel nie.

Wat sê jou kind van 'my pa'? 'n Pa moet sy kind die lesse van sy lewe leer. Dit moet vir 'n kind moontlik wees om eendag te kan sê "My pa het gesê…, my pa het my geleer…". Vra die Here om jou te wys watter nalatenskap Hy as Hemelse Vader deur jou in jou kinders wil inprent. Bid vir moed om dit gereeld te doen en mooi herinneringe in jou kinders se lewens in te bou.

Moet nie lieg of die waarheid vermy nie. 'n Pa moenie vir sy kinders lieg nie. Sê vir jou kind as jy nie alles kan vertel nie. Moenie iets anders vertel wat jy later moet regstel nie. Vra die Here om jou nederig te maak en jammer te sê as jy jouself kry dat jy 'n leuen vertel het, selfs wanneer dit net 'n klein leuentjie was. Vra die Here om jou wysheid te gee oor wat om te sê wanneer jy bloot net nie alles kan vertel nie, omdat dit tot die kind se nadeel sal wees, sonder om te jok.

Is jy skaam om oor God te praat? 'n Kind moet God se Woord in sy pa se woorde kan hoor. 'n Pa moet met sy kinders oor God praat op so 'n wyse dat sy kinders op grond van sy woorde, gebede en optrede in God sal glo. 'n Pa se woorde moet genees, hoop gee en kinders se lewens mooi maak. Vra die Here vir maniere waarop jy met jou kinders oor Hom kan praat sodat hulle 'n gesonde vaderbeeld kan kry, gevestig in God die Vader en Jesus Sy Seun.

Eer jou kinders se ma. 'n Pa moet nie negatief praat oor sy kinders se ma nie, nie afbrekende grappe oor haar maak of haar op 'n negatiewe wyse vergelyk met ander vrouens nie. Vra die Here vir wysheid oor hoe om jou vrou se beeld voor jou kinders op te bou. Vra vir wysheid oor hoe om vir haar in die bres te staan as hulle of ander lelik is met haar. Vra ook vir praktiese maniere om hulle te leer om haar te respekteer en veral hoe om haar te komplimenteer deur dit uit jou eie mond te hoor.

Bid jy vir jou kinders? 'n Pa se gebede moet in sy kinders se ore weerklink – gebede van seën en voorbidding. 'n Pa moet dikwels vir sy kind sê: Ek seën en ek bid God se seën oor jou lewe. Bid oor alles waaroor hulle met jou praat, tydig en ontydig, maak nie saak waar julle is nie. Leer jou kinders om nie skaam te wees om God aan te roep nie. Vra die Here vir baie guns om hierdie spontane lewenstyl van gebed in jou kinders in te bou.

Sou jy so 'n pa wou hê? Is dit jou begeerte dat jou kind sal leer om te praat soos wat jy praat? Is dit hoe jy sou wou hê dat jóú pa met jou gepraat het? Neem 'n oomblik om stil te word en probeer om die woorde van jou eie pa te onthou. Wat is dit wat jy "hoor"? Is dit woorde wat hoop en lewe gee? Is dit woorde van liefde en wysheid? Is dit woorde wat jou goed of sleg laat voel?

Vra die Here vandag om jou opnuut te leer om pa te wees, veral in areas wat jy graag sou wou hê jou eie pa daar moes wees vir jou. Vra Hom om jou te leer, selfs wat jy nie weet nie, sodat die hartseer van ou herhaalde siklusse in julle familie by jou sal stop.

Dinsdag 28 Junie 2011
Gebedsfokus op herlewing: Die evangelie het twee kante
Die een kant handel daaroor dat mense met God versoen word, om kinders van God te word, om uit die koninkryk van duisternis te kom na die koninkryk van lig. Die ander dimensie van die evangelie wat duidelik word uit die lering van Jesus en die Ou-Testamentiese profete is die verpligting teenoor ander mense wat die evangelie meebring. Albei kante is ewe belangrik wanneer die volle evangelie aan die hele kerk verkondig word. Bid dat sowel evangeliste as die groepe wat by die sosiale opheffing betrokke is, dit sal verstaan en hande sal vat en saamwerk. John Piper het gesê dat ons altyd besorg moet wees oor die lyding van mense, maar veral die ewige lyding (eternal suffering) van mense.

Gebedsfokus op kinders in nood: MIV/VIGS
Waar ouers MIV/VIGS opdoen, tref dit die kinders baie nadelig. Die dogters moet dan die huiswerk doen en selfs die gesin se inkomste probeer aanvul. Vroue beleef dikwels erge vorms van diskriminasie bv. verwaarlosing, isolasie en bespotting in sowel plattelandse as stedelike gebiede. Bid vir kinders wat deur MIV/VIGS geraak word. Bid dat die kerk die kinders wat deur MIV geaffekteer word, sal ondersteun en help. (Viva India. Webwerf: www.asia.viva.org/india of e-pos: india@viva.org).

Woensdag 29 Junie 2011
Gebedsfokus op die vestiging van 24-7 gebedshuise
Hou aan met bid tot God dat Hy Sy Gees van gebed en smeking sal uitstort op elke gebedshuis in die wêreld (Sag.12:10). Bid vir elke bidder in die gebedshuis vir krag, volharding en eenheid onder die leiers, guns by gelowiges sowel as vir nie-gelowiges in die gemeenskap, vir die nodige fondse en 'n perseel vir elke gebedshuis sodat die werk kan voortgaan.

Gebedsfokus op die ekonomie, sakesektor en arbeid
Bid vir die onderhandelaars van vakbonde, die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie (KVBA), die hof vir klein eise en elke individu wat ander mense verteenwoordig. Vra dat Godgegewe orde, wysheid en gesag sal seëvier oor ongeregtigheid aan beide kante, dat daar geen plek vir manipulasie sal wees nie en dat 'n bereidheid om oor gemeenskaplike belange saam te stem in die harte sal kom van almal wat aan onderhandelings deelneem of daarin verteenwoordig is.

Donderdag 30 Junie 2011
Gebedsfokus op herlewing: Die beeld van God

Ons is almal na die beeld van God geskep. Arm en behoeftige mense worstel dikwels om die liefde van God te verstaan en dat Hy ‘n Vader vir hulle wil wees. Hulle worstel gewoonlik met gevoelens van waardeloosheid, en voel selfs “tweedeklas” en word dikwels ook as sodanig behandel. Bid dat die Heilige Gees hulle oë sal oopmaak om te verstaan en te glo dat hulle na die beeld van God gemaak is (Gen.1:26-28). Ook dat Jesus hulle so liefgehad het dat Hy vir hulle aan die kruis gesterf het. Bid dat hulle sal besef dat hulle armoede nie bepaal wat God van hulle dink nie. Wie ‘n arm mens verdruk, beledig sy Maker; wie hom oor ‘n arm mens ontferm, eer God (Spr.14:31).

Gebedsfokus op kinders in nood in Indië

Die nasionale geslagsverhouding vir kinders in die ouderdomsgroep van 0-6 jaar (sensus 2001) is 927 meisies per 1 000 seuns. Die British Medical Journal Lancet (2006) beraam dat meer as 10 miljoen vroulike fetusse in die laaste twee dekades in Indië geaborteer is. Bid vir vroue wat ‘n stryd voer teen die abortering van hulle dogters. Bid vir agentskappe wat werk met aangeleenthede wat verband hou met meisies en vroue. Bid dat daar ‘n einde sal kom aan hierdie goddelose praktyke. (Webwerf: www.asia.viva.org/india of e-pos: india@viva.org).